
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/**
**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**BESIGHEIDSTUDIES V1**

**MEI/JUNIE 2025**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die antwoorde op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **20** |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.** | **2** | **40** | **70** |
| | **3** | **40** | |
| | **4** | **40** | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.** | **5** | **40** | **30** |
| | **6** | **40** | |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Hierdie Wet moedig besighede aan om in die onderwys en opleiding van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag te belê:

A Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998)
B Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 van 1998)
C Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997)
D Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995)

1.1.2 Jericho Matte het 'n nuwe tak in 'n ander provinsie oopgemaak om hulle matte te versprei. Hierdie soort intensiewe strategie staan as … bekend.

A produkontwikkeling
B produkverandering
C markpenetrasie
D markontwikkeling

1.1.3 Amandla Verspreiders het geen beheer oor uitdagings wat deur die …-omgewing gestel word nie.

A makro
B mikro
C mark
D mikro- en mark

1.1.4 Die doel van 'n onderhoud is om …

A die lokaal te bespreek en voor te berei.
B moontlike kandidate uit te nooi om vir die vakature aansoek te doen.
C 'n kandidaat se geskiktheid vir die pos te bepaal.
D antwoorde vir moontlike vrae voor te berei.

1.1.5 Aziza Vervaardiging Bpk. gebruik … om die koste van oortolligheid op lang termyn te verminder.

A gehalteprestasie
B gehaltebestuurstelsels
C gehaltebestuur
D gehaltesirkels (5 x 2) (10)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| terugwaartse; Gelyke Indiensneming; geleentheid; ouerskap; gehaltebeheer; gesinsverantwoordelikheid; gehalteversekering; sterk punt; voorwaartse; Arbeidsverhoudinge |

1.2.1 'n Werknemer is op tien opeenvolgende dae …-verlof geregtig ná die geboorte van sy of haar kind.

1.2.2 Ranzo Meubels het die … vertikale integrasie-strategie toegepas toe hulle Groen Timber, hulle houtverskaffer, oorgeneem het.

1.2.3 Die produktiwiteit van Lukas Ingenieurswese het verbeter weens die indiensneming van gekwalifiseerde ingenieurs. Dit is 'n … in die opstel van 'n SSGB-analise.

1.2.4 Die Wet op … het implikasies vir die menslikehulpbronfunksie omdat dit verseker dat regstellende-aksie-maatreëls korrek geïmplementeer word.

1.2.5 Greywater Stelsels implementeer … om te verseker dat aan die vereiste standaarde in elke stadium van die produksieproses voldoen word. (5 x 2) (10)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Nasionale Kredietwet | A groot besighede doen navorsing oor die jongste ontwikkelinge om te verseker dat beplanning opgedateer is |
| 1.3.2 PESTWO-analise | B verpligte voordeel wat finansiële bystand aan werkers bied wat hulle werk weens siekte verloor |
| 1.3.3 Plasingsprosedure | C beskerm beide uitleners en leners teen nalatige leningspraktyke |
| 1.3.4 Werkloosheids-versekeringsfonds | D instrument wat gebruik word om uitdagings te evalueer wat deur die markomgewing gestel word |
| 1.3.5 Totale kliënte-/klante-tevredenheid | E om die verwagtinge van 'n pos en die bevoegdhede van 'n nuwe werknemer te verbind |
| | F verpligte voordeel wat finansiële bystand aan werkers bied wat aftree |
| | G instrument wat gebruik word om uitdagings te evalueer wat deur die makro-omgewing gestel word |
| | H om die verwagtinge van 'n pos en die vergoeding wat aan 'n nuwe werknemer betaal word, te verbind |
| | I groot besighede doen marknavorsing om die behoeftes van kopers te evalueer |
| | J beskerm besighede teen onbillike arbeidspraktyke |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING B**

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

**VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS**

2.1 Noem enige VIER pilare van die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003). (4)

2.2 Beskryf kortliks die voordele van intensiewe strategieë. (6)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**PETRA BOERDERY (PB)**

Petra Boerdery verskaf vars melk aan plaaslike klante. Hulle het tuisgemaakte kaas by hul produkreeks gevoeg om verkope aan nuwe klante te verhoog. PB het ook 'n vulstasie oopgemaak om nuwe klante te lok.

Identifiseer TWEE soorte diversifikasiestrategieë wat deur PB geïmplementeer is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 2.3 te beantwoord.

| SOORTE DIVERSIFIKASIESTRATEGIEË | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

2.4 Bespreek die regte van werkgewers ten opsigte van die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995). (6)

2.5 Beskryf enige TWEE soorte defensiewe strategieë. (6)

2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BUHLE ARGITEKTUUR (BA)**

Buhle Argitektuur betaal maandelikse bydraes aan 'n gemeenskaplike fonds om werkers in die geval van werkplekongelukke te beskerm. BA is ook in staat om tot ander voordele toegang te hê wanneer hierdie bydraes gemaak word.

2.6.1 Noem die Wet wat op BA in die scenario hierbo van toepassing is. (2)

2.6.2 Verduidelik ander voordele van die Wet wat in VRAAG 2.6.1 vir besighede geïdentifiseer is. (4)

2.7 Gee besighede raad oor die strategiese bestuursproses. (6)

**[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

3.1 Noem die TWEE komponente van posontleding. (2)

3.2 Brei uit oor die betekenis van *stukwerk* as 'n salarisbepalingsmetode. (4)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SHAHEEM TEGNOLOGIE (ST)**

Shaheem Tegnologie het Mark, 'n nuut aangestelde werknemer, 'n toer van die perseel, 'n mededingende salaris en 'n oorsig van die besigheid gegee. ST ontvang die voordele van induksie in hulle besigheidsbedrywighede.

3.3.1 Noem TWEE aspekte wat ST by hul induksieprogram ingesluit het. (2)

3.3.2 Verduidelik die voordele van induksie vir besighede. (6)

3.4 Bespreek die keuringsprosedure as 'n menslikehulpbron-aktiwiteit. (6)

3.5 Beskryf kortliks die voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel. (4)

3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**BLOEM ONDERNEMING (BO)**

Bloem Onderneming lewer vervoerdienste regdeur die land. Die Hoof Uitvoerende Beampte (HUB) kommunikeer die gedeelde visie en missie van die besigheid doeltreffend met werknemers. BO verskaf ook gereelde persverklarings aan alle belanghebbendes.

Identifiseer TWEE besigheidsfunksies wat tot die sukses van BO bydra. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.6 te beantwoord.

| BESIGHEIDSFUNKSIES | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

3.7 Verduidelik hoe besighede die *handel-stap* van die BDKH-model kan toepas om die gehalte van produkte te verbeter. (4)

3.8 Evalueer die impak van voldoende finansiering en kapasiteit as 'n totale-gehaltebestuur(TGB)-element op groot besighede. (6)
**[40]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE**

**BESIGHEIDSOMGEWINGS**

4.1 Noem enige VIER kragte van Porter se Vyf Kragte-model. (4)

4.2 Identifiseer die besigheidsektor wat op ELKE stelling hieronder van toepassing is.

4.2.1 Lerato Vervaardigers spesialiseer in die produksie van verskillende sporttoerusting. (2)

4.2.2 Mountain Handelaars verkoop sporttoerusting aan verskillende sport-afsetpunte. (2)

4.3 Bespreek die strafmaatreëls vir die nienakoming van die Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998). (6)

4.4 Gee besighede raad oor die stappe in strategie-evaluering. (6)

**BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

4.5 Beskryf kortliks die regsvereistes van 'n indiensnemingskontrak. (4)

4.6 Verduidelik die impak van byvoordele op besighede. (6)

4.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KIMOL VERVAARDIGER (KV)**

Kimol Vervaardiger implementeer totale gehaltebestuur (TGB) om die koste van gehalte te verminder. Die produksiebestuurder werk nou saam met verskaffers om die standaarde van grondstowwe te verbeter. KV monitor hul instandhoudingsprogramme op 'n gereelde basis om te voorkom dat toerusting breek. Hulle verskaf ook jaarlikse bonusse aan werknemers wat hulle verkoopteikens bereik.

4.7.1 Haal TWEE maniere uit die scenario hierbo aan waarop totale gehaltebestuur (TGB) die koste van gehalte by KM verminder. (2)

4.7.2 Bespreek ander maniere waarop totale gehaltebestuur (TGB) die koste van gehalte kan verminder. (4)

4.8 Gee besighede raad oor hoe die gehalte van prestasie van die administratiewe funksie tot die sukses van die besigheid kan bydra. (4)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING C**

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy OF VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

**VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (WETGEWING)**

Dit word van besighede vereis om 'n goeie kennis van die Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008) te hê. Die implementering van hierdie Wet het 'n direkte impak op besigheidsbedrywighede. Besighede moet die verbruikersregte in ag neem, soos in die WVB uiteengesit, en ook hierdie Wet nakom.

Skryf 'n opstel oor die Wet op Verbruikersbeskerming waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die doel van die Wet op Verbruikersbeskerming.
- Bespreek die impak van die Wet op Verbruikersbeskerming op besighede.
- Verduidelik enige DRIE verbruikersregte ten opsigte van die WVB.
- Stel maniere voor waarop besighede die WVB kan nakom. **[40]**

**VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (MENSLIKEHULPBRONFUNKSIE)**

Besighede pas die werwingsprosedure toe wanneer vakante poste geadverteer word en daar word van hulle verwag om die impak van eksterne werwing te verstaan. Onderhoudvoerders moet van hulle rol bewus wees terwyl onderhoude gevoer word. Besighede en werknemers moet vertroud wees met die redes vir die beëindiging van indiensnemingskontrakte.

Skryf 'n opstel oor die menslikehulpbronfunksie waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die werwingsprosedure as 'n menslikehulpbron-aktiwiteit.
- Verduidelik die impak van eksterne werwing op besighede.
- Bespreek die rol van die onderhoudvoerder tydens die onderhoud.
- Gee besighede raad oor die redes vir die beëindiging van 'n indiensnemingskontrak. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African